higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REISDIENSTE N6

(22030086)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

BENODIGDHEDE: **Februarie 2018 GSA-tydskrif**

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en NEGE addenda van 12 bladsye.

156Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REISDIENSTE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is verpligtend.
2. Beantwoord slegs VIER vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Toon al jou berekeninge.
6. Alle berekeninge moet tot die naaste TWEE desimale plekke afgerond word.
7. GEEN afronding (buiten soos in instruksie 6 genoem) word vereis in enige vraag nie, tensy dit spesifiek in die vraag versoek word.
8. Die gebruik van korreksievloeistof is verbode op alle dokumente.
9. Alle voltooide ADDENDA moet gekram en in die ANTWOORDBOEK geplaas word.
10. Skryf netjies en leesbaar.
11. Moenie enige bladsye uit die ANTWOORDBOEK skeur nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 'n Verwysingsmotorbewys word uitgereik wanneer 'n passasier met 'n kredietkaart betaal.

1.1.2 'n Sestienjarige reisiger mag die reistoelaag vir volwassenes van R1 000 000 kry.

1.1.3 Die reisversekeringspolis wat deur 'n passasier onderteken word, is 'n regskontrak.

1.1.4 Die prys van 'n bootvaart sluit versekering en diensfooie in.

1.1.5 'n Kompartementwa op 'n trein is oop met 'n gang en sitplek aan albei kante.

1.1.6 'n Jeughostel is 'n private huis wat verblyf aan betalende gaste bied.

1.1.7 'n Veranderlike koste is 'n koste wat slegs betaal word wanneer 'n diens gebruik word.

1.1.8 Reisversekering dek 'n passasier teen voorsiene risiko's verbonde aan reis.

1.1.9 'n Skip se stuurmeganisme word 'n *roer* genoem.

1.1.10 Diere soos honde mag nie op Eurail reis nie.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Klein hotel naby ’n hoofweg geleë	A	iCar
1.2.2	BTW betaalbaar in Suid-Afrika	B	skeertuig (‘hovercraft’)
1.2.3	Vliegkaartjie van Suid-Afrika, paspoort, visum en versekering	C	motel
1.2.4	Motor met outomatiese stuur en lugversorging	D	World Travel
1.2.5	Lug koop-koers	E	opeenvolgend
1.2.6	Boot/vaartuig wat oor land of water op ’n kussing lug beweeg wat deur ’n afwaartse windvlaag veroorsaak word	F	15%
1.2.7	GSA vir Eurail-kaartjies	G	begunstigde
1.2.8	Volg op mekaar sonder onderbreking	H	nie deel van landreëlings nie
1.2.9	Persoon wat voordeel uit iets kry, veral ’n trust, testament of lewensversekeringspolis	I	GMG
1.2.10	Gemeenskaplike Monetêre Gebied	J	Reisigerstjeks

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Hierdie afdeling bestaan uit VYF vrae. Beantwoord slegs VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2: HOTEL

Mev Queen Latifah besoek jou kantoor om haar komende reis na Madagaskar te bespreek. Sy sal op 10 Julie arriveer en vir 15 nagte bly. Mev Latifah wil 'n hotel met spafasiliteite bespreek. Sy sal kontant vir die verblyf betaal. Verwys na ADDENDUM A en ADDENDUM B en beantwoord die volgende vrae:

2.1 Watter hotel sou jy vir mev Latifah aanbeveel? (1)

2.2 Watter koers sal sy moet betaal vir haar volle verblyf in die geldeenhede hier onder?

2.2.1 MGA (2)

2.2.2 ZAR (3)

2.3 Bereken die kommissie wat jou agentskap vir hierdie bespreking sal verdien. (3)

2.4 Gee die ligging van die hotel (nie die adres nie). (2)

2.5 Mev Latifah stel in geskiedenis belang. Noem EEN historiese attraksie naby die hotel. (1)

2.6 Beskryf die woonstel-tipe kamers wat by hierdie hotel beskikbaar is. (2)

2.7 Noem DRIE geriewe in die hotel. (3)

2.8 Noem die verskillende soorte kamers wat by hierdie hotel beskikbaar is. (2)

2.9 Verduidelik vir mev Latifah die volgende terme:

2.9.1 Aangrensende kamer

2.9.2 Verbonde/Skakelkamers

2.9.3 Concierge

(3 × 2) (6)

2.10 Voltooi die hotelbewys op ADDENDUM C. Die bespreking is bevestig as PAL0123. (15)

[40]

VRAAG 3: TOERBEPLANNING EN -BEGROTING

Mev Viola Davis wil 'n toer vir haar en haar man reël. Jy het die reeds die reisplan saamgestel en moet nou die finale koste bereken. Bereken die koste PER PERSOON. Verwys na ADDENDUM A.

Vlugtarief: JNB-GBE-LON-PRG-FRA-JNB; ZAR79 800 (insluitende 5%-kommissie)
Lughawebelasting: ZAR43 850
Agent-prysverhoging: 15%
Alle ander uitgawes, soos visums, maaltye, toere, ens. is nie by die toerprys ingesluit nie.

OORBOEKING (netto koers per persoon een rigting):

Gaborone	BWP300
Londen	GBP40
Praag	CZK200
Frankfurt	EUR30

VERBLYF (per persoon per nag)

Hotel: Gaborone	BWP8 000
Hotel: Londen	GBP1 500
Hotel: Praag	CZK3 450
Hotel: Frankfurt	EUR2 000

TOERE (netto koers per persoon)

Toer: Gaborone	BWP800
Toer: Londen	GBP150
Toer: Praag	CZK600
Toer: Frankfurt	EUR90

3.1 Bereken die koste van die landreëlings in elke stad in die volgende geldeenhede:

3.1.1 BWP

3.1.2 GBP

3.1.3 CZK

3.1.4 EUR

(4 × 4) (16)

3.2 Bereken die totale koste van die reisreëlings in ZAR. (13)

3.3 Bereken die totale koste van die toer (gebruik enige van die DRIE metodes). (6)

3.4 Bereken die kommissie wat jou agentskap op hierdie bespreking sal verdien (gebruik enige van die DRIE metodes). (3)

3.5 Verduidelik wat 'n *inklusiewe groeptoer* is. (2)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: MOTORHUUR EN SPOORWEË

MOTORHUUR

Mev Whoopi Goldberg wil ’n motor by PACE Car Rental in Johannesburg huur. Sy sal die motor op 5 September om 10:00 by die lughawe in Johannesburg (JNB) afhaal, en sal dit op 19 September om 14:00 by dieselfde plek (JNB) terugbesorg. Sy versoek ’n Ford Ecosport. Sy sal ongeveer 4 000 km met die huurmotor aflê. Sy vra dat ’n bykomende bestuurder by die motorhuur gevoeg word.

Mev Goldberg sal met haar American Express-kredietkaart (AX 5443 0903 9231 3949 EXP06/21) vir die motorhuur betaal.

Verwys na die motorhuurinligting op ADDENDUM D om die volgende vrae te beantwoord:

4.1 Gee die motorgroepkode vir ’n Ford Ecosport. (1)

4.2 Bereken die koste van die motorhuur vir mev Goldberg. (10)

4.3 Wat is die kommissie wat jou agentskap vir die motorhuur sal verdien? Let op die verhoging van Suid-Afrikaanse BTW na 15%. (3)

4.4 Reik die motorbewys op ADDENDUM E uit. Die besprekingsnommer is PACE0312. (12)

4.5 Verwys na ADDENDUM D om die volgende te beantwoord:

4.5.1 Gee vir mev Goldberg raad oor die bybetalingsbedrag op die motorhuur. (1)

4.5.2 Gee die bedrag vir MAANDELIKSE (EEN maand) se huur van ’n Ford Ecosport. (1)

SPOORWEË

Verwys na ADDENDUM F om die volgende vrae te beantwoord:

4.6 Mnr Eddie Murphy (’n Suid-Afrikaanse paspoorthouer, 25 jaar oud) reis in hoogseisoen na Europa. Hy wil per trein op ten minste 10 opeenvolgende dae in Oostenryk, Switserland en Duitsland met ’n treinkaartjie reis.

4.6.1 Watter treinkaartjie sou jy aanbeveel?

4.6.2 Wat is die geldigheid van hierdie kaartjie?

4.6.3 Wat is die koste van hierdie kaartjie in EUR?

(3 × 1) (3)

4.7 Mnr en mev Lawrence vra jou vir ’n kwotasie vir ’n treinkaartjie vir hul besoek aan Europa later in die jaar. Hulle wil vir ongeveer ’n maand deur die hele Europa reis en wil ’n treinkaartjie hê waarmee hulle op enige vier dae in hierdie tydperk kan reis.

4.7.1 Watter treinkaartjie sou jy aanbeveel?

4.7.2 Wat is die geldigheid van hierdie kaartjie?

4.7.3 Wat is die koste van hierdie kaartjie in EUR?

(3 × 1) (3)

4.8 Mnr Khoza (’n Suid-Afrikaanse paspoorthouer) gaan later hierdie jaar na Europa reis. Hy vra inligting oor ’n treinkaartjie waarmee hy vir 17 opeenvolgende dae in die hele Europa kan rondreis.

4.8.1 Watter treinkaartjie sou jy aanbeveel?

4.8.2 Wat is die geldigheid van hierdie kaartjie?

4.8.3 Wat is die koste van hierdie kaartjie in EUR?

4.8.4 Is mnr Khoza daarop geregtig om hierdie kaartjie te koop?

(4 × 1) (4)

4.9 Mnr en mev Jones vra jou vir ’n kwotasie vir ’n treinkaartjie vir hul besoek aan Europa in Januarie en Februarie (middelseisoen) volgende jaar. Hulle wil ’n treinkaartjie hê waarmee hulle deur drie lande en vir ses dae in daardie tydperk kan reis. Hulle wil die duurste kaartjie hê.

4.9.1 Watter treinkaartjie sou jy aanbeveel?

4.9.2 Wat is die koste van hierdie kaartjie in EUR?

(2 × 1) (2)

[40]

VRAAG 5: BOOTVAARTE EN VERSEKERING

BOOTVAARTE

Mnr en mev Knowels wil met ’n boortvaart gaan om hul kinders in Kaapstad te besoek. Hulle wil graag ’n Kategorie 3-kajuit hê. Verwys na ADDENDUM G om die volgende vrae te beantwoord:

5.1 Watter vaart sal jy vir hulle aanbeveel: Opsie 1 of Opsie 2? (1)

5.2 Bereken die totale koste vir ALBEI passasiers. (4)

5.3 Bereken die kommissie wat jou agentskap op hierdie bespreking sal verdien. (3)

5.4 Lig hulle in oor die vertrek- en aankomstye, -datums en -stede. (3)

Kopiereg voorbehou

5.5 Verduidelik die verskil tussen ’n *binnekajuit* en ’n *buitekajuit*. (2)

5.6 Verduidelik die volgende terme:

5.6.1 Inskeping (‘Embarkation’)

5.6.2 Ontskeping (‘Disembarkation’)

(2 × 2) (4)

VERSEKERING

Jy werk by Airwaves Travel in Kaapstad, versekeringsnommer AIR1234. Me Meghan Markle gaan van 1 Mei tot 20 Mei na Londen reis. Sy wil reisversekering vir haar reis uitneem.

Haar besonderhede is as volg:

ID-nommer:	8108040123081
Adres:	Windsorweg 10 Queenstown 5319
Tel:	(047) 514 1213 (H) (047) 619 2010 (W)
Huisdokter: Tel:	Dr E. John (047) 430 1231

5.7 Watter versekeringsopsie sal jy vir jou kliënt voorstel? (1)

5.8 Wat sal die totale koste vir me Markle wees? (1)

5.9 Bereken die kommissiebedrag wat jou agentskap sal verdien. (3)

5.10 Verwys na ADDENDUM H om die volgende vrae te beantwoord:

5.10.1 Wat sal die koste wees vir ’n 19-jarige persoon wat vir 17 dae reis?

5.10.2 Wat sal die koste wees vir ’n senior burger wat vir 25 dae reis?

5.10.3 Wat is die dekkingsbedrag vir bestaande mediese en verwante uitgawes op die plan vir volwassenes?

(3 × 1) (3)

5.11 Voltooi die versekeringsvorm op ADDENDUM I vir me Markle. Sy gaan met ’n kredietkaart betaal. Agentskapbesonderhede: Airwaves Travel, Queenstown, versekeringskode: AIR1234. (15)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: BUITELANDSE VALUTA

Mnr Robert Mugabe wil later hierdie jaar oorsee reis. Hy betaal jou vir die volgende reisreëlings:

Vliegtuigkaartjie (JNB – HND – WLG – POM - JNB)	ZAR87 300
Paspoort	ZAR700
Visums	ZAR2 100
Reisversekering	ZAR700
Verblyf Tokio	JPY10 300
Toerpakket in Wellington	NZD20 123
Bootvaart in Papoea-Nieu-Guinee	USD2 300

Verwys na die wisselkoersstaat op ADDENDUM A om die volgende vrae te beantwoord:

6.1 Bereken die totaal vir die reisreëlings (toon alle berekeninge). (11)

6.2 Gee die totaal vir die landreëlings. (2)

6.3 Bereken die totale bedrag wat steeds aan mnr Mugabe beskikbaar is om buitelandse valuta te koop. (3)

6.4 Mnr Mugabe wil sy volle oorblywende reistoelaag gebruik soos hier onder gelys. Bereken die bedrag buitelandse valuta wat hy in elke geldeenheid sal verdien.

6.4.1 15% in USD (4)

6.4.2 30% in JPY (4)

6.4.3 20% in NZD (4)

6.4.4 35% op kredietkaart (1)

6.5 Mnr Mugabe het van sy vakansie teruggekeer en wil 'n terugbetaling hê vir die oorblywende bedrae buitelandse valuta. Bereken die ZAR-bedrag wat hy vir die volgende geldeenhede sal ontvang:

6.5.1 USD2 500 kontant

6.5.2 NZD6 000 in reisigerstjeks

6.5.3 JPY1 900 kontant

(3 × 3) (9)

6.6 Noem TWEE lande in Afrika (buiten Suid-Afrika) waar Suid-Afrikaanse rand gebruik kan word. (2)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

WISSELKOERSSTAAT

Land	Eenheid	Lug koop	See koop	Verkoop
BRITSE POND	GBP	16.5763	16.5377	**17.0698**
EURO	EUR	14.5654	14.5223	**15.0052**
VSA DOLLAR	USD	12.3400	12.2845	**12.6575**
VAE DIRHAM	AED	0.3244	0.3082	**0.2620**
AUSTRALIESE DOLLAR	AUD	0.1092	0.1108	**0.1009**
BOTSWANA PULA	BWP	0.8520	0.8575	**0.7320**
KANADESE DOLLAR	CAD	0.1088	0.1092	**0.0949**
SWITSERSE FRANK	CHF	0.0828	0.0830	**0.0762**
CHINESE JOEAN	CNY	0.5591	0.5214	**0.4550**
TSJEGGIESE KROON	CZK	1.8436	2.5542	**1.6285**
DEENSE KROON	DKK	0.5340	0.5361	**0.4719**
HONGKONGSE DOLLAR	HKD	0.6521	0.6559	**0.6011**
ISRAELIESE SIKKEL	ILS	0.3157	0.3757	**0.2533**
INDIESE ROEPEE	INR	5.6057	5.6496	**5.2569**
JAPANNESE JEN	JPY	9.2413	9.2079	**8.5198**
KENIAANSE SJIELING	KES	8.9825	9.0652	**7.1024**
SRI LANKAANSE ROEPEE	LKR	12.8358	13.0337	**12.3812**
LESOTHO LOTI	LSL	1.0000	1.0000	**1.0000**
MALGASSIESE ARIARY	MGA	31.4688	31.7899	**20.0004**
MAURITIAANSE ROEPEE	MUR	2.9273	2.8926	**2.5813**
MALAWIESE KWACHA	MWK	60.4356	61.5394	**55.4922**
NAMIBIESE DOLLAR	NAD	1.0000		**1.0000**
NIGERIESE NAIRA	NGN	31.3202	26.7903	**22.3053**
NOORWEEGSE KROON	NOK	0.6718	0.6741	**0.6104**
NIEU-SEELANDSE DOLLAR	NZD	0.1213	0.1235	**0.1083**
RUSSIESE ROEBEL	RUB	4.9117	5.0023	**4.8717**
SWEEDSE KROON	SEK	0.7177	0.7203	**0.6619**
SINGAPOERSE DOLLAR	SGD	0.1138	0.1142	**0.0999**

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

ADDENDUM B

INTERNASIONALE HOTELLE

Hotel Carlton Madagascar

Adres: Rue Pierre Stibbe-Anosy 959, Antananarivo 101, Madagascar
Telefoon: +261 20 22 260 60 E-pos: carlton@carltonhotel.com



Hierdie gesogte hotel in 'n toring van sement en glas met 'n uitsig oor Anosy-meer in 'n bedrywige buurt is 2 km weg van Pirates Museum en 4 km van Rova van Antananarivo se paleiskompleks.

Die konserwatief versierde kamers bied platskerm-TV's, lessenaars, minikroeë en gratis Wi-Fi, plus tee- en koffiemaakfasiliteite. Party wooneenhede het DVD-spelers en uitsigte oor die meer. Kamerdiens is 24/7 beskikbaar.

Uiteet-opsies sluit in 'n moderne restaurant, 'n sjiek bistro, 'n Franse patisserie en 'n swembadkroeg met 'n tropiese tema. Ander geriewe sluit in 'n kinderswembad en 'n casino, asook tennisbane en 'n skoonheidsalon.

Die hotel bied ook 'n buitenshuise swembad, 'n wasgoeddiens en 'n sakesentrum en is troeteldier- en kindervriendelik.

Tariewe:

Enkelkamer met bad:	MGA3 000 per persoon per nag
Dubbelkamer met bad:	MGA6 000 per persoon per nag

Kopiereg voorbehou

Palissandre Hotel and Spa

Adres: Lalana Andriandahifotsy, Antananarivo, Madagaskar
Telefoon: +261 20 22 605 60

Hierdie rustige hotel is 2 km van die Rova van Antananarivo, ’n 17de-eeuse paleiskompleks, en 3 km van Tsimbazaza Dieretuin. Die kleurvolle enkel- en dubbelkamers bied Wi-Fi, satelliet-TV en minikroeë, en sommige het terrasse. Gesinskamers het kluise en kamerdiens, en opgegradeerde kamers het platskerm-TV’s. Wooneenhede bied sitkamers, kombuise en badkamers met spabaddens. Die hotel bedien ’n komplimentêre kontinentale ontbytbuffet. Geriewe sluit in ’n informele Franse restaurant met ’n terras wat oor die stad uitkyk, plus ’n kroeg, ’n weeklikse braai en gereelde musiek. Daar is ook ’n spa, ’n fiksheidsentrum en ’n verhitte buitenshuise swembad met ’n dek, asook wasgoeddiens, ’n kindervriendelike restaurant en ’n warmbad.

Tariewe:

Enkelkamer met bad:	MGA3 500 per persoon per nag
Dubbelkamer met bad:	MGA4 500 per persoon per nag

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

ADDENDUM C

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

HOTELBEWYS				
PASSASIER SE NAAM				
HOTEL			**ADRES**	
VEREISTES			**TEL:**	
AANKOMSDATUM	**VERTREKDATUM**			**TARIEF**
REKENING	**VOLLE REKENING**		**BESPREEK TEEN DATUM**	**BEVESTIG TEEN DATUM**
	EKSTRAS DADELIK BETAALBAAR		**KOMMENTAAR**	

ADDENDUM D

STANDAARD

Groep	Soort motor of soortgelyk	Dagtarief 200 km/dag	7 + dae 200 km/ dag	Maandeliks e tarief 100 km/dag	Ekstra (R per mm)	Bybetaling /Kwytskel ding	Bespreking
A	Chev Spark 1.2L, Kia Picanto of soortgelyk	R280	R245	R4 399	R2,42	R10 000	BOOK IT!
PA	Kia Picanto Automatic of soortgelyk	R330	R280	R6 500	R2,42	R10 000	BOOK IT!
B	VW Polo Vivo Hatch, Ford Fiesta, Renault Sandero of soortgelyk	R380	R330	R5 699	R3,53	R10 000	BOOK IT!
B+	VW Polo Vivo 1.4 Trendline	R420	R350	R6 149	R3,43	R10 000	BOOK IT!
C	Nissan Almera of soortgelyk	R420	R360	R6 800	R3,83	R10 000	BOOK IT!
D	VW Polo Vivo Sedan (outomaties of soortgelyk)	R445	R370	R8 099	R4,04	R10 000	BOOK IT!
G	BMW 3 Series of Mercedes Benz C-Class (outomaties)	R850	R760	R16 500	R7,06	R20 000	BOOK IT!
O	Toyota Rav4 SUV handrat of soortgelyk	R790	R720	R15 300	R5,55	R15 000	BOOK IT!
I	Toyota Avanza 7-sitplek	R550	R465	R9 000	R4,04	R10 000	BOOK IT!
N	Ford EcoSport	R445	R370	R8 099	R5,55	R10 000	BOOK IT!
E	Hyundai H1 of soortgelyk	R1 285	R985	R16 350	R7,06	R20 000	BOOK IT!
F	Toyota Luxury Kombi 10-sitplek	R1 135	R985	R17 850	R7,06	R20 000	BOOK IT!
H	Nissan NP 300 petrolbakkie	R495	R360	R9 000	R2,02	R15 000	BOOK IT!
HD+	Toyota Hilux, Ford Ranger enkelkajuit of soortgelyk	R545	R400	R10 500	R2,02	R15 000	BOOK IT!
HX	Ford Ranger enkelkajuit-4x4-bakkie	R825	R585	R16 550	R5,55	R20 000	BOOK IT!

Ingesluit:
- Dagtarief – 200 km gratis per dag
- Maandelikse huurtarief – 3 000 km per maand
- Botsingskade-kwytskelding
- Diefstal-kwytskelding
- BTW teen 15%
- Lughawe-bybelasting en toerisme-heffing

Uitgesluit:
- Aflewerings- en afhaalfooi, R250
- Persoonlike ongelukversekering
- Alle bybetalings soos bo
- Bykomende bestuurder – R225,00 per bykomende bestuurder
- GPS-huur R80 per dag of R320 per maand
- Opsionele toerusting (bv. babasitplek – R300)
- Kontrakfooi – R70,00 (per huurooreenkoms)
- Oorgrens-bybelasting R1 350,00 (eenmalig)

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

SUPER

Groep	Soort motor of soortgelyk	Dagtarief 200 km/dag	7 + dae 200 km/ dag	Maandelikse tarief 100 km/dag	Ekstra (R per mm)	Bybetaling /Kwytskelding	Bespreking
A	Chev Spark 1.2L, Kia Picanto of soortgelyk	R300	R265	R4 999	R2,42	R3 400	BOOK IT!
PA	Kia Picanto Automatic of soortgelyk	R350	R300	R7 100	R2,42	R3 400	BOOK IT!
B	VW Polo Vivo Hatch, Ford Fiesta, Renault Sandero of soortgelyk	R400	R350	R6 299	R3,53	R3 400	BOOK IT!
B+	VW Polo Vivo 1.4 Trendline	R440	R370	R6 749	R3,43	R4 000	BOOK IT!
C	Nissan Almera of soortgelyk	R450	R360	R7 700	R3,83	R4 000	BOOK IT!
D	VW Polo Vivo Sedan (outomaties of soortgelyk)	R475	R400	R8 999	R4,04	R4 250	BOOK IT!
G	BMW 3 Series of Mercedes Benz C-Class (outomaties)	R915	R825	R18 450	R7,06	R6 500	BOOK IT!
O	Toyota Rav 4 SUV handrat of soortgelyk	R855	R785	R17 250	R5,55	R5 500	BOOK IT!
I	Toyota Avanza 7-sitplek	R590	R505	R10 200	R4,04	R4 500	BOOK IT!
N	Ford EcoSport	R475	R400	R8 999	R5,55	R5 000	BOOK IT!
E	Hyundai H1 of soortgelyk	R1 350	R1 050	R18 300	R7,06	R7 000	BOOK IT!
F	Toyota Luxury Kombi 10-sitplek	R1 200	R1 050	R19 800	R7,06	R7 000	BOOK IT!
H	Nissan NP 300 petrolbakkie	R540	R405	R9,600	R2,02	R7 000	BOOK IT!
HD+	Toyota Hilux, Ford Ranger enkelkajuit of soortgelyk	R590	R445	R11 100	R2,02	R7 000	BOOK IT!
HX	Ford Ranger enkelkajuit-4x4-bakkie	R890	R650	R18 500	R5,55	R7 000	BOOK IT!

Ingesluit:
- Dagtarief – 200 km gratis per dag
- Maandelikse huurtarief – 3 000 km per maand
- Superbotsingskade-kwytskelding
- Superdiefstal-kwytskelding
- BTW teen 15%
- Lughawe-bybelasting en toerisme-heffing

Uitgesluit:
- Aflewerings- en afhaalfooi, R250
- Persoonlike ongelukversekering
- Alle bybetalings soos bo
- Bykomende bestuurder – R225,00 per bykomende bestuurder
- GPS-huur R80 per dag of R320 per maand
- Opsionele toerusting (bv. babasitplek – R300)
- Kontrakfooi – R70,00 (per huurooreenkoms)
- Oorgrens-bybelasting R1 350,00 (eenmalig)

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

ADDENDUM E

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

<table>
<tr><td></td><td>Reg. no. 05/13135/07</td><td colspan="2">TRAVEL AGENT CHARGE VOUCHER
REISAGENT DEBIETBEWYS</td><td>T</td></tr>
<tr><td colspan="2">Renter’s name
Naam van huurder</td><td>Car group
Motorgroep</td><td>Date of issue
Uitreikingsdatum</td><td rowspan="2">Issuer’s stamp
Stempel</td></tr>
<tr><td>Renting office
Huurkantoor</td><td>Date
Datum</td><td>Flight
Vlug</td><td>Time
Tyd</td><td>Issuer’s name
Uitreiker</td></tr>
<tr><td colspan="3">Return office
Terugontvangskantoor</td><td colspan="2" rowspan="2">Issuer
Uitreiker

TRAINING PURPOSES ONLY

SOUTH AFRICA</td></tr>
<tr><td colspan="3">Voucher value – Unlimited unless specified hereunder
Motorhuurbewyswaarde – Onbeperk tensy anders hier onder vermeld</td></tr>
<tr><td colspan="2" rowspan="2">Remarks
Opmerkings</td><td>Europcar reservation reference
Europcar-besprekingsverwysing</td><td colspan="2">RESERVATION ID NUMBER
BESPREKING-ID-NOMMER</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="2">| | | | | | | | |</td></tr>
</table>

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM F

WorldTravel internasionale treintariewe

EURAIL GLOBAL PASS		**1ste KLAS**		
	15 dae	€516		Slegs eersteklas. Opeenvolgende dae. Kinders 4–11 gratis.
	22 dae	€664		
	01 maand	€816		
	02 maande	€1 149		
	03 maande	€1 417		
	05 dae in 1 maand	€404		
	07 dae in 1 maand	€492		
	10 dae in 2 maande	€607		
	15 dae in 2 maande	€795		
EURAIL GLOBAL PASS SAVER		**1ste KLAS**		
	15 dae	€440		Geldig vir 2–5 persone wat te alle tye saam reis. Prys per persoon gekwoteer. Kinders 4–11 gratis.
	22 dae	€566		
	01 maand	€695		
	02 maande	€978		
	03 maande	€120		
	05 dae in 1 maand	€345		
	07 dae in 1 maand	€419		
	10 dae in 2 maande	€517		
	15 dae in 2 maande	€677		
EURAIL GLOBAL YOUTH PASS		**1ste KLAS JEUG**	**2de KLAS**	
	15 dae	€440	€337	Passasiers moet onder die ouderdom van 26 op eerste dag van reis wees. Reisdae mag opeenvolgend of nieopeenvolgend gebruik word.
	22 dae	€566	€434	
	01 maand	€695	€532	
	02 maande	€978	€749	
	03 maande	€1 206	€923	
	05 dae in 1 maand	€345	€265	
	07 dae in 1 maand	€419	€322	
	10 dae in 2 maande	€517	€397	
	15 dae in 2 maande	€677	€519	
EURAIL SELECT PASS	**LAAG 1ste KLAS 4 LANDE**	**MIDDEL 1ste KLAS 4 LANDE**	**HOOG 1ste KLAS 4 LANDE**	Sluit nou Frankryk in. Onbeperkte reis op die nasionale spoornetwerke van enige vier Eurail-lande wat per skip of trein verbind is. Prys gekwoteer is per persoon. Reisdae mag opeenvolgend of nieopeenvolgend gebruik word. Kinders 4–11 gratis.
5 dae in 2 maande	€223	€322	€368	
6 dae in 2 maande	€245	€355	€402	
8 dae in 2 maande	€286	€414	€468	
10 dae in 2 maande	€322	€467	€535	
	3 LANDE	**3 LANDE**	**3 LANDE**	
5 dae in 2 maande	€208	€294	€339	
6 dae in 2 maande	€231	€326	€374	
8 dae in 2 maande	€269	€379	€438	
10 dae in 2 maande	€302	€429	€492	
	2 LANDE	**2 LANDE**	**2 LANDE**	
4 dae in 2 maande	€174	€238	€279	
5 dae in 2 maande	€195	€268	€315	
6 dae in 2 maande	€217	€295	€348	
8 dae in 2 maande	€251	€345	€405	
10 dae in 2 maande	€282	€389	€456	

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

EURAIL SELECT SAVER PASS	LAAG 1ste KLAS 4 LANDE	MIDDEL 1ste KLAS 4 LANDE	HOOG 1ste KLAS 4 LANDE	
5 dae in 2 maande	€190	€275	€368	
6 dae in 2 maande	€209	€303	€402	
8 dae in 2 maande	€244	€353	€468	
10 dae in 2 maande	€275	€399	€535	Geldig vir 2–5 persone wat te alle tye saam reis. Prys per persoon gekwoteer. Kinders 4–11 gratis.
	3 LANDE	**3 LANDE**	**3 LANDE**	
5 dae in 2 maande	€179	€251	€339	
6 dae in 2 maande	€197	€278	€374	
8 dae in 2 maande	€230	€323	€438	
10 dae in 2 maande	€258	€365	€492	

	2 LANDE 1ste KLAS	2de KLAS	2 LANDE 1ste KLAS	2de KLAS	2 LANDE 1ste KLAS	2de KLAS
4 dae in 2 maande	€149	€120	€203	€164	€238	€192
5 dae in 2 maande	€166	€135	€229	€184	€269	€217
6 dae in 2 maande	€185	€149	€252	€203	€296	€238
8 dae in 2 maande	€215	€173	€294	€236	€346	€277
10 dae in 2 maande	€241	€194	€331	€267	€389	€312

EURAIL SELECT YOUTH PASS	LAAG		MIDDEL		HOOG	
	4 LANDE 2de KLAS	4 LANDE 1ste KLAS	4 LANDE 2de KLAS	4 LANDE 1ste KLAS	4 LANDE 2de KLAS	4 LANDE 1ste KLAS
5 dae in 2 maande	€147	€180	€211	€259	€241	€295
6 dae in 2 maande	€161	€197	€233	€285	€264	€323
8 dae in 2 maande	€188	€230	€272	€332	€307	€376
10 dae in 2 maande	€211	€259	€306	€375	€350	€430
	3 LANDE 2de KLAS	3 LANDE 1ste KLAS	3 LANDE 2de KLAS	3 LANDE 1ste KLAS	3 LANDE 2de KLAS	3 LANDE 1ste KLAS
5 dae in 2 maande						
6 dae in 2 maande	€138	€168	€194	€237	€223	€273
8 dae in 2 maande	€152	€186	€215	€263	€245	€301
10 dae in 2 maande	€177	€217	€248	€305	€287	€352
	€198	€242	€281	€345	€322	€395
	2 LANDE 2de KLAS	2 LANDE 1ste KLAS	2 LANDE 2de KLAS	2 LANDE 1ste KLAS	2 LANDE 2de KLAS	2 LANDE 1ste KLAS
4 dae in 2 maande						
5 dae in 2 maande	€115	€140	€157	€192	€184	€225
6 dae in 2 maande	€129	€157	€177	€216	€207	€253
8 dae in 2 maande	€143	€175	€194	€238	€228	€279
10 dae in 2 maande	€165	€202	€226	€277	€266	€325
	€186	€227	€254	€312	€298	€366

World Travel

BESPREEK JOU TREINKAARTJIES AANLYN!

http://www.worldtravel.co.za

Of kontak info@worldtravel.co.za

World Travel Telefoon (011) 628 2319

Gewysig van GSA 2016

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM G

OPSIE 1



Toerskip: Sinfonia
Vaartnr.: SYM002
Reisplan: Suid-Afrika
Inskeephawe: Durban
Duur: 4 dae, 3 nagte

DAG	DATUM	HAWE	AANKOMS	VERTREK	AKTIWITEIT*
1	Maandag, 07 Jan 2019	**Durban, Suid-Afrika**	-	18:00	Vasgemeer
2	Dinsdag, 08 Jan 2019	Ter see	-	-	-
3	Woensdag, 09 Jan 2019	Ter see	-	-	-
4	Donderdag, 10 Jan 2019	**Kaapstad, Suid-Afrika**	09:00	-	Vasgemeer

*Inligting onderhewig aan verandering op grond van finale beskikbare ankerplek

Binne	**Buite met gedeeltelike uitsig**	**Buite**	**Balkon**	**Balkonsuites**
Kat. 1 R4 900 *Hawegeld: R600*	Kat. 2 R5 100 *Hawegeld: R600*	Nie beskikbaar nie	Kat. 4 R5 200 *Hawegeld: R600*	Nie beskikbaar nie
Kat. 2 R5 100 *Hawegeld: R600*	Nie beskikbaar nie	Kat. 3 R5 500 *Hawegeld: R600*	Kat. 5 R5 800 *Hawegeld: R600*	Kat. 6 R6 000 *Hawegeld: R600*

OPSIE 2



Toerskip: Sinfonia
Vaartnr.: SYM003
Reisplan: Suid-Afrika
Inskeephawe: Durban
Duur: 3 dae, 2 nagte

DAG	DATUM	HAWE	AANKOMS	VERTREK	AKTIWITEIT*
1	Vrydag, 14 Des 2018	**Durban, Suid-Afrika**	-	15:00	Vasgemeer
2	Saterdag, 15 Des 2018	-	Ter see	-	Nie geskik nie
3	Sondag, 16 Des 2018	**Durban, Suid-Afrika**	07:00	-	Vasgemeer

*Inligting onderhewig aan verandering op grond van finale beskikbare ankerplek

Binne	**Buite met gedeeltelike uitsig**	**Buite**	**Balkon**	**Balkonsuites**
Kat. 1 R3 500 *Hawegeld: R600*	Kat. 2 R3 900 *Hawegeld: R600*	Nie beskikbaar nie	Kat. 4 R5 000 *Hawegeld: R600*	Nie beskikbaar nie
Kat. 2 R3 700 *Hawegeld: R600*	Nie beskikbaar nie	Kat. 3 R4 000 *Hawegeld: R600*	Kat. 5 R5 600 *Hawegeld: R600*	Kat. 6 R5 900 *Hawegeld: R600*

[Bron: *https://www.msccruises.co.za*]

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM H

Byvoordeel betaalbaar en bybetalings			
Individuele dekking			
DEKKING EN BYVOORDELE	**Senior Ouderdom 70–79**	**Volwassene Tot ouderdom 69 (ouderdom 0–69)**	**Jeug Tot ouderdom 28 (ouderdom 0–28)**
Mediese en verwante uitgawes – siekte/besering	**R5 000 000**	**R25 000 000**	**R10 000 000**
Oorlog en terrorisme	**Ingesluit**	**Ingesluit**	**Ingesluit**
Mediese vervoer, repatriasie en ontruiming	**Ingesluit**	**Ingesluit**	**Ingesluit**
Repatriasie van kinders	**Ingesluit**	**Ingesluit**	**Ingesluit**
Repatriasie van reisgenoot	**Ingesluit**	**Ingesluit**	**Ingesluit**
Begrafnis, verassing of terugbesorging van stoflike oorskot	**Ingesluit**	**Ingesluit**	**Ingesluit**
Nood-deernisbesoek	**Ingesluit**	**Ingesluit**	**Ingesluit**
Opvolgbehandeling in jou verblyfland	**R3 000**	**R3 000**	**Geen**
Daaglikse hospitaalkontantbyvoordeel tydens jou reis	**R3 000 (R500 per dag)**	**R3 000 000 (R500 per dag)**	**Geen**
Daaglikse hospitaalkontantbyvoordeel in jou verblyfland	**Geen**	**Geen**	**R300 000 (R10 000 per dag)**
Bestaande mediese en verwante uitgawes	**Geen**	**R350 000**	**Geen**
Mediese vervoer, repatriasie en ontruiming	**Geen**	**Ingesluit**	**Geen**
Nood-deernisbesoek	**Geen**	**Ingesluit**	**Geen**
Repatriasie van kinders en reisgenoot	**Geen**	**Ingesluit**	**Geen**
Begrafnis, verassing of terugbesorging van stoflike oorskot	**Geen**	**Ingesluit**	**Geen**
Dood deur 'n ongeluk	**R50 000**	**R250 000**	**R50 000**
Permanent ongeskik weens ongeluk	**R50 000**	**R500 000**	**R200 000**
Kansellasie van internasionale reis	**R15 000**	**R15 000**	**R10 000**
Verkorting van internasionale reis	**R15 000**	**R15 000**	**R10 000**
Verlenging van internasionale reis	**R15 000**	**R15 000**	**R10 000**
Verbinding verbeur	**R15 000**	**R15 000**	**Geen**
Vervangende lugfooi	**R15 000**	**R15 000**	**Geen**
Reisvertraging	**R15 000**	**Geen**	**R1 000**
Weerstoestande	**R15 000**	**Geen**	**R5 000**
Reisverskaffer insolvensie	**R15 000**	**Geen**	**R10 000**
Visum geweier	**R15 000**	**R15 000**	**R10 000**
Persoonlike aanspreeklikheid	**R2 000000**	**R2 000 000**	**R2 000 000**
Kaping en gyselaar- of wederregtelike aanhouding	**R10 000 (R500 per dag)**	**R5 000 (R500 per dag)**	**Geen**
Regsuitgawes	**R7 500**	**R7 500**	**R3 000**
Bagasie (enkelitem-limiet)	**R20 000**	**R15 000**	**R15 000**
Kontant en dokumente	**R2 000**	**R2 000**	**R1 000**
Bagasievertraging	**R1 000**	**R1 000**	**R1 000**
Tuisversorger-diens	**R3 000**	**R3 000**	**R3 000**

PREMIES			
Tydperk dekking	**Ouderdom 70-–9**	**Ouderdom 0–69**	**Ouderdom 0–28**
1–8 dae	R1 125	R990	R1 265
9–14 dae	R2 420	R1 350	R1 725
15–21 dae	R3 725	R1 540	R2 520
22–32 dae	R3 865	R1 789	R3 450

Tariewe sluit in: 15% BTW, 20% kommissie

Aangepas van TIC [Bron: *observo.co.za/wordpress/wp-content/.../04/santam-tic-travel-insurance-brochure.pd*]

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM I

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

REISVERSEKERINGAANSOEK

AGENTSKAP NAAM:		TAK:			KONSULTANT:		AGENTSKAPKODE:	
VERSEKERDE PERSOON/PERSONE VAN	**VOORLETTERS**	**GESLAG**	**GEBOORTEDATUM**	**BEGUNSTIGDE**	**ID-/PASPOORTNOMMER**	**SOORT DEKKING**	**PRODUK**	**TOTALE PREMIE**
1								
2								
3								
4								
								R

Beplan jy om vir meer as 190 dae in een land te bly? Ja/Nee

Is die kaartjies vir publieke vervoer met 'n geldige Suid-Afrikaans kredietkaart betaal? Ja/Nee

Persoon verantwoordelik vir minderjarige/gestremde kinders: _____

Persoon wat die versekerde tydens die reis gaan besoek: _____

Tydperk van versekeringsdekking: Van: _____ Tot: _____

Posadres: _____

Totale getal dae: _____ (albei dae inklusief)

Poskode: _____

Verste bestemming: _____

Tel (H) _____

Tel (W) _____

Huisdokter naam: _____

Verklaring:

1. Ek aanvaar die gekose dekkingsvlakke en sal nie enige bykomende betaling van die Onderskrywers verwag vir eise wat die versekerde bedrae oorskry nie.

Huisdokter tel.: _____

Handtekening: _____ Uitreikingsagent: _____

2. Ek verklaar dat alle Versekerde persone in goeie gesondheid is en geskik is vir reis.

Datum: _____ Datum: _____

3. Ek aanvaar hiermee die voorwaardes van hierdie polisdokument wat ek ontvang en bestudeer het.

4. Ek gee AIG hiermee toestemming om my dokter in 'n noodgeval te kontak.

Kopiereg voorbehou

Kopiereg voorbehou